
DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS [23]

No. E288

*Ek glo aan 'n heilige, algemene,
Christelike kerk, die gemeenskap
van die heiliges.*

*Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie
bywoners nie, maar mede-burgers van die
gelowiges en lede van die huisgesin van God.
Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament
van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan
Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit
die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige
tempel vir die Here, in wie julle ook saam
opgebou word as 'n geestelike huis waarin God
woon (Ef 2:19-22).*

Ons leef in 'n tyd van min agting vir die kerk
van die Here. Dit is 'n uiters ernstige en
Godonterende dwaling - soos hopelik uit
hierdie inleidende gedeelte sal blyk. Die kerk is nie
net in die sentrum van dit waarmee die Here besig
is nie, dit is ook Sy innig geliefde bruid - en veel
meer.

Natuurlik moet ons die kerk reg verstaan.
Trouens, die rede waarom soveel Christene nie die
respek vir die kerk het wat hulle moet nie, het
sekerlik te doen met allerlei karikature wat in mense
se koppe rondraai - te wyte aan die talle
karikature van kerkwees wat hulle om hulle sien.

Ons kyk net eers na sekere basiese waarhede
oor die kerk, voordat ons aan sekere fassette
daarvan in meer besonderhede aandag gee.

Die kerk, Ou en Nuwe Testamentiese gesien

Die kerk (Gr. *ekklesia*, wat 'n saamgeroepte
vergadering beteken) bestaan in, deur en ter wille
van Jesus Christus. As sodanig is dit 'n spesifiek
Nuwe Testamentiese werklikheid. Maar dit is
terselfdertyd 'n voortsetting van God se Ou
Testamentiese verbondsvolk, en gevolglik 'n nuwe
fase in die ontwikkeling van die
openbaringsgeskiedenis.

Die verskille tussen Israel en die kerk het te
doen met die nuutheid van die Nuwe Verbond
teenoor die oudheid van die Ou Verbond. Hierdie
nuutheid lê veral in drie areas.

- Ou Testamentiese priesters, offers en die
tempel word vervang met die middelaarskap van
Jesus Christus - die gekruisigde, opgestane en
heersende Here (Hb 1-10).
- Die etniese eksklusiwisme van die Ou Verbond
(Dt 7:6; Ps 147:19-20), word vervang met die
insluiting in Christus - en dus Sy kerk - van
mense vanuit alle nasies, stamme, volke en tale (Ef
2-3; Op 5:9-10).
- Teenoor die kragtige vervulling deur die Heilige
Gees van slegs enkele Ou Testamentiese
gelowiges, word die Gees in oorfloed uitgestort op
die Nuwe Testamentiese gemeente in die
algemeen, sowel as op elke individuele gelowige
afsonderlik - sodat die bediening van Christus (Jh
12:32; 14:18; Ef 2:17), gemeenskap met Hom (1Jh
1:3), en voorsmaak van die komende hemelse
heerlikheid (2Kor 1:22; Ef 1:14) nie langer iets
ongehoords is in die gemeentelike lewe nie.

Die ongeloof van die meeste Jode (Rm 9-11)
het gely tot wat Paulus die afbreek van die takke
van die mak olyfboom noem (die Ou Testamentiese
verbondsgemeenskap), en die in-enting van wilde

olyfboom lote op die oorspronklike stam (Rm 11:17-
24). Die gevolg is dat die Nuwe Testamentiese
gemeente nie langer 'n Joodse karakter het nie,
maar in die volste sin van die woord wêreldwyd tot
uitdrukking kom. Dit beteken egter nie dat God die
Jode finaal afgeskryf het nie. Volgens Rm 11:15;
23-31 sal die Here weer in die toekoms Sy genade-
septer na hulle toe uitsteek.

Die Skrif gebruik 'n verskeidenheid beelde om die kerk te tipeer.

Die Nuwe Testament gebruik 'n verskeidenheid,
veral Ou Testamentiese beelde, om die kerk te
beskryf. So word die kerk onder meer genoem: die
Israel van God (Gl 6:16); die gesin en kudde van
God (Jh 10:16; Ef 2:18; 3:15; 4:6; 1Pt 5:2-4); die
liggaam en bruid van Christus (Ef 1:22-23; 5:25-28;
Op 19:7; 21:2, 9-27) en die tempel van die Heilige
Gees (1Kor 3:16; Ef 2:19-22).

Diegene in die kerk word ook op verskillende
maniere genoem: die uitverkorenes; die heiliges;
die broers en susters, ensovoorts.

Vier karaktertrekke van die ware kerk

Dit is gebruikelik om die kerk wat nog op aarde is in
terme van vier karaktertrekke te beskryf. Al vier
hierdie kwaliteite word aangetref in Ef 2:19-22,
hierbo aangehaal.

- *Dit is een.* Dit bestaan uit hulle wat nog in
hierdie wêreld leef, sowel as hulle wat reeds
heengegaan het en nou by Christus is (soms word
hierna verwys as die strydende kerk en die
triomferende kerk).

Die deel van die kerk wat nog op aarde is, kom
tot sigbare uitdrukking in 'n geweldige groot aantal
en verskeidenheid van gemeentes. Elke ware
gemeente is 'n mikrokosmos van die totale kerk -
en as sodanig is dit dan ook volwaardige kerk. Dit

verklaar waarom die apostel die universele kerk die liggaam van Christus kan noem (1Kor 12:12-26; Ef 1:22-23; 3:6; 4:4), maar meteen ook die plaaslike gemeente (1Kor 12:27).

- *Dit is heilig.* Dit is algeheel afgesonder vir God - gesamentlik, maar ook elke lidmaat individueel.
- *Dit is katoliek oftewel algemeen.* Dit is wêreldwyd in omvang en het as roeping om universeel bewaarder en draer van die volle geopenbaarde waarheid wees.
- *Dit is apostolies.* Dit is gebou op die lering van die apostels - wat op hulle beurt deur die Heilige Gees geïnspireer is en oog- en oorgetuies was van God se hoogste en finale selfopenbaring aan die mens in die persoon, prediking en werk van Sy mensgeworde Seun.

Die sigbare en die onsigbare kerk

Daar moet 'n onderskeid gemaak word tussen die kerk soos ons hom waarneem, enersyds, en die kerk soos God hom sien, andersyds. Tradisioneel word na hierdie twee gestaltes verwys as die sigbare en die onsigbare kerk. Met "onsigbaar" word nie bedoel dat ons hom nie kan sien nie. Dit beteken bloot dat ons nie - soos God, die kenner van harte (2Tm 2:19) - kan weet wie van diegene wat gedoop en lidmate is, werklik wedergebore en gered is nie. Ons kan dus nie met absolute sekerheid sê wie waarlik en vir ewig deel is van die die sogenaamde onsigbare kerk nie. Die Nuwe Testament leer dat daar feitlik altyd vals gelowiges en huigelaars teenwoordig is in die sigbare uitdrukings van die kerk - meer of minder. Uiteraard sal die huigelaars tydens die finale oordeel verwerp word.

Die Nuwe Testament voorveronderstel dat alle Christene toegewyd deel sal hê aan die lewe van 'n plaaslike gemeente. Dit sal onder meer

gesamentlike aanbidding behels, opregte gebed, suiwer Woordverkondiging, gebruik en beoefening van die sakramente, beoefening van die gemeenskap van die heiliges, bediening deur godvrugtige ouderlinge - en die ywerige uitdra van die evangelie, asook die versorging van die armes.

Enige gemeente wat deur die eeue lewend was, het hierdie dinge absoluut toegewyd beoefen - en so is dit steeds regoor die aarde.

Die gemeente as lampstaander (Op 2-3)

Dis verstommend hoeveel Christene hulle beswaarlik steur aan die Nuwe Testamentiese openbaring oor die kerk. Min verstaan regtig waarom dit gaan in die gemeente en wat sy grootse roeping in die uitwerk van God se raadsplan is. Wat het tog geword van die hartstog dat die kerk waarlik kerk sal wees! Natuurlik is dit veral die vals gelowiges wat traak-nie-agtig hieroor is, maar dikwels is daar sóveel sulke huigelaars dat dit meermale lyk asof dit maar van alle Christene geld.

Daar is seker min Skrifgedeeltes wat meteen meer bekend én meer verwaarloos is, as die sewe briewe in Op 2-3. Elke brief regverdig uiteraard 'n dieptestudie, maar daar sit ook waarde in 'n oorsigtelike benadering ten einde die gesamentlike boodskap van die briewe te bekyk.

Sewe fasette van die kerk

Die tema van *Die Openbaring* is Jesus Christus se oorlog teen en uiteindelijke triomf oor die Bose. Dit woed hom uit in die stryd tussen die kerk en die God-vyandiggesinde wêreldstelsel. Die boek bevat daarom blywende lesse vir die kerk van alle eeue. Van Hoofstukke 1- 3 geld dit by uitnemendheid.

Die boek is 'n openbaring van die verheerlikte Christus aan die Apostel Johannes. Dis gerig aan sewe spesifieke gemeentes in Klein-Asië (1:4). Hulle word in die eerste instansie aangespreek.

Tog is die volheidsgetal, sewe, betekenisvol. Dit dui daarop dat hierdie gemeentes as 't ware die kerk van die hele bedeling tussen die eerste koms van Christus en Sy wederkoms verteenwoordig. Ons het hier sewe fasette van die universele kerk. Elkeen was keer op keer maar weer, tot 'n mindere of meerdere mate, sigbaar in die wêreldwye kerk deur die eeue.

In hierdie briewe vind mens dus die wel en wee van die kerkgeskiedenis in embrionale vorm. Enersyds is daar die tragiese, die skandelige - die sonde en mislukkings. Andersyds is daar die triomfe, die heroïese getrouheid, die onwrikbare volharding. Die waarskuwings is dus gerig teen die tipiese gevare wat oor die eeue eintlik nie veel verander het nie. Hier is raad vir elke krisis, troos in elke beproewing, bemoediging vir elke desperate moment. Dis liefdesbriewe hierdie - uit die hart van die hemelse Bruidgom aan Sy geliefde bruid, Sy pelgrimskerk deur die eeue.

As daar een ding is wat hierdie briewe tuisbring, dan is dit dat elke plaaslike gemeente van die allergrootste belang vir die Here Jesus Christus is. Per slot van rekening is elke brief 'n puntenerige ontleding van elkeen se toestand.

Slot

Volgende keer kyk ons dan D.V. nader na hierdie sewe briewe. Ons sal daarna as 'n eenheid kyk, en in die proses sal fassinerende en uiters betekenisvolle perspektiewe uitkristalliseer.

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellاسies en korrespondensie: Postnet Suite No. 148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika.
- E: nico.vanderwalt@reformed.org.za ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur verder.